

# Pitstop-oordenking

19 Mei 2020

## Efesiërs – kommunikasie by kinders van die Here

Ek vertrou dit gaan goed met almal. Welkom by vandag se Pitstop-oordenking!

Kom ons bid...

Dink jy nie ook dat om te vergewe een van die absoluut moeilikste dinge in die lewe is nie? Sommige van ons is natuurlik oormatig fyngevoelig, sommer net liggeraak. Daaraan moet mens werk deur jou selfwaarde, jou selfbeeld by die Here te leer ken! Jy moet oor jouself kom, kan ons sê.

Maar as iemand jou regtig diep seermaak, of so aanhoudend jou hart verskeur! Dan raak dit soms moeilik! As iemand 'n geliefde vermoor het, as jy verkrag is of gemolesteer, as jy uit jou pensioen bedrieg is, as jou huweliksmaat jou verraai...

Ek vind dit self ook nogal – dat ek dink, ag nee wat, ek het vergewe, dit is verby. Ou nuus. Maar as ek daai persoon weer raakloop, of hy/sy iets sê of doen waarvan ek nie hou nie (al hou dit nie eers verband met die aanvanklike saak nie) dan kom al daardie ou emosies terug, die verbittering, die wantroue, selfs gevoelens van wraak, of hoop dat die ander ou op sy baadjie sal kry. Jou gedagtes draai terug en is in 'n maalkolk oor dit wat hy/sy jou aangedoen het!

Ons delf vandag verder in Efesiërs rond. Net om weer die konteks te kry:

- Ons is besig om na die praktiese gedeelte van Efesiërs (hfst. 4 – 6) te kyk, en pas dit toe op **kommunikasie** en verhoudings.
- Ons het by die vorige geleentheid begin praat oor Verse 31 – 31.


### Vers 31 – 32

<sup>31</sup>Moet nooit verbitter of opvlieënd wees of woedend word nie; moenie vloek of skel nie; moet niks doen wat sleg is nie. <sup>32</sup>Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het.

---

Ons het gepraat oor woedend word (waar jy jou selfbeheersing verloor) en die vloek en skel van mense wat jou ontstel. Ons het ook verwys na die opbou van verbittering. Dit is die **vuil klere** wat ons moet uittrek.

Vandag praat ons verder oor die aantrek van die **skoon klere** in die plek van daardie vuil klere. Ons het reeds gepraat oor die wysheid wat vervat is in Spreuke 15: 1 – *'n Sagte antwoord keer woede weg, maar 'n krenkende woord laat toorn opvlam. (2020-vertaling).*



## Om nog aan te trek

Ek wil graag praat oor dit wat vers 32 ons leer die skoon klere is...

*Vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het.*

- Die grammatikale manier waarop daar oor die vergewe gepraat word is veelseggend: (Let op die highlight-kleure, dity kom terug in die bespreking.
- Mens sou vers 32 letterlik kon vertaal **Wees!** *Dan teenoor mekaar gaaf/vriendelik/genadig en vol van empatie* terwyl julle mekaar die heelyd vergewe (**vergewende mekaar**). Ons leer die volgende daaruit:
  - **Wees!** Is 'n imperatief, of bevelsvorm. Dit is nie 'n vriendelike versoekie wat die Here aan jou rig nie! Nee, dit is 'n bevel!
    - Baie mense sal sê: Hoe kan ek vergewe as ek nie so voel nie? Ek sal wag tot ek reg is/reg voel om te vergewe. Ek wag eers op 'n verskoning... Maar jy sien, dit is juis die punt van die verwysing na God se liefde in Jesus Christus! Jesus het sekerlik nie daarna gevoel om vir ons te kom sterf nie! Vgl. Mt 26: 39, 42 en 44 oor hoe Hy bloed gesweet het en gevra het dat die beker, sy lyding, indien enigsins moontlik, eerder by Hom moet verbygaan! Maar Hy is gehoorsaam omdat dit deel is van God se raadsplan! Dit is 'n wilsbesluit, nie 'n emosionele besluit nie.
    - In hierdie verband is Mt 6: 12 & 14 baie belangrik om ter harte te neem!
 

<sup>12</sup>en vergeef ons ons oortredings  
soos ons ook dié vergewe  
wat teen ons oortree;

<sup>14</sup>“As julle ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. <sup>15</sup>Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie.”

      - Ons vergewe ook deur 'n wilsbesluit... omdat ons navolgers van Jesus is.
    - Die tyd ontbreek hier – maar gaan lees gerus Mt 18: 21 – 35. Kom ons stel dit liggies: Jy haal jou God se gramskap op die lyf as jy nie bereid is om te vergewe nie – jou sondes teenoor God is sóveel in 'n erger kategorie as wat mense ooit aan ons kan doen – al voel dit vir ons nie so nie. As jy nie bereid is om te vergewe nie, wil jy God se werk oorneem (Rm 12: 19 hieronder).
  - Verder is die **vergewende** in die vorm van 'n teenwoordige deelwoord, wat beteken dit is 'n voortdurende en onophoudelike aksie, amper iets soos: *terwyl julle die lewe doen...* Dit is dus deel van die daaglikse lewe, die Here weet daar is mense wat ons te na kom!

Maar, só het ons Donderdag in die Pitstop van ds. Rynhardt gehoor, ons laat die wraak aan God oor (Rm. 12: 19).

- Inderdaad kan mens nie keer dat 'n voël oor jou kop vlieg nie (menende: daar sal onreg teenoor jou gedoen word, en jy sal daardie onregte van tyd tot tyd onthou), maar jy kan keer dat daardie voël nes maak in jou hare! Jy versterk nie jou negatiewe emosies of soek wraak nie.
- Daarom leer Flp. 4: 8 ons <sup>8</sup>*Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is—watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees—daarop moet julle julle gedagtes rig.* Dink aan hoe jy God kan behaag en eer wanneer jy slegte herinneringe het – dit is wat edel is!
- Op hierdie manier is jy **genadig**. En jy weet seker nou al: Genade is nie net om nie te ontvang wat jy verdien nie, maar om te ontvang wat jy nié verdien nie. Jy ontvang genade, bewys dan ook genade!
- Om te vergewe is ook om **empatie** te bewys. Wat beteken: Jy het meegevoel, medelye met hulle wat teenoor jou oortree, juis omdat jy weet jy oortree ook teen ander. Hoe maklik kom mens nie in 'n onvergenoeglike situasie nie, en jy het genade nodig. Jy weet hoe moeilik dit is om altyd reg te wees, die regte ding te doen, dinge waarvoor jy nie later spyt gaan wees nie – toon daarom begrip vir hulle wat in 'n slaggetrap het, omdat jy self ook daarin kan trap!

Geliefdes, dit is bevrydend om te vergewe! As jy nie vergewe nie, word jou emosies deur iemand anders, van buite af beheer. Jy is soos 'n marionet wat deur iemand anders beheer word.

Sjoe! Om 'n Christen te wees is radikaal! Ek dank God dat Hy al vergewende met my op pad is!

### **Besprekingsvrae**

1. Het jy al iets gedoen waarvoor mense jóú moes vergewe? Het jy al om vergifnis gevra vir sulke daade?
2. Is daar nog iemand wat jy moet vergewe? Doen dit! Die Here daag jou uit! Dit is werklik bevrydend.

Sterke!